2026

1 - 8 FEB 2026

# Eldo Nuusbrief

Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK

Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week



Baie keer as onreg aangedoen doen word (dalk aan onsself), klim ons dadelik op ons perdjie en wil ons dié terug kry wat verkeerd gedoen het. Of as iemand (soos 'n eggenoot, familielid, of vriend) geïrriteerd is en dit op ons uithaal, raak ons ook sommer net daar-en-dan kwaad en geïrriteerd met hulle ook. 1 Thessalonisense 5:15 leer ons dat ons liewers geduld moet hê en nie moet terug reageer met woede nie. Kalmeer, word rustig, en hanteer die situasie met sagtheid en 'n objektiewe (of dalk liewers 'n empatiewe) gesindheid, dan sal vrede bekom word - al is dit net vrede by jouself.

*1 Thes. 5:15 - Sorg dat niemand kwaad met kwaad vergeld nie, maar streef altyd na wat goed is vir mekaar en vir alle mense.*

## Gebed vir die week

**Bid vir Wysheid en Godvresenheid by ons leiers.**

***Vader God,* ons land is desperaat op soek na leiers wat U ken, wat U ag en soek in planne en besluite. Maar, waar ons self in die gaping moet staan, Here laat ons oë vasgenael wees op U. Ons is afhanklik van U, Here. *Amen***



## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag 1 Februarie**
09:00 Erediens
Geen kindermoment nie.
09:00 Mini- en Eldo-Chomps
Afskopdiens in die Eldo-Chomps Saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 8 Februarie**
09:00 Erediens
09:00 Mini- Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps Saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 15 Februarie**
09:00 Erediens
09:00 Mini- Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps Saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**

Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

## Eldo-Chomps







Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

## Diens@6






Die eerste Diens@6 vergadering het goed afgeloop en daar is ook heerlik gekuier.

## Ander






**Adoramusdiens**
**Elke Dinsdagaand om 18:30 in die Kapel.**
**Kom beleef die stilte en rustigheid.**

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

# Bybelstudie

Elke Dinsdag 09:30

Elke tweede Donderdag 18:30

Kontak Christiaan of Fanie vir meer inligting

**<u>Oggenddiens benodig jou hulp</u>**

**Ons benodig iemand om in die oggenddiens, ongeveer 1x per maand te kom diens doen by die rekenaar vir die data op die skerm.**

**Jy het geen ondervinding nodig nie, die opleiding word voorsien.**

**Kontak vir Jaco indien jy kan help of enige vrae het by 082 699 4383**

## <u>Hobby Klub</u>

Kom geniet 'n koppie tee of koffie saam met ons op die dek. Ons kuier en klets heerlik terwyl die breinaalde, hekelpenne en verfkwaste ons hande besig hou. Tyd: Donderdae: 10:00 tot 12:00

**GASVRYHEIDSBEDIENING**

**Indien daar dames (en mans) is wat betrokke wil raak by bogenoemde bediening, kontak asseblief Ethel Kotze by 082 444 0302.**

**Ons benodig julle hulp !**



***SAVE THE DATE:*** **NUWE INTREKKERS BRAAI 22 FEBRUARIE**

**Is jy n nuwe lidmaat of intrekker wat julself kom tuis maak het by ons familie? Indien wel, word julle hartlik uitgenooi na 'n braai Sondag 22 Februarie na die erediens. Verdere inligting sal deurgegee word.**



# Kantoor Kaskenades

**Boom:**

**Iets wat jare op een plek bly staan en dan skielik op 'n dag voor jou kar inspring.**

# Bybel 101!





**Het jy geweet...**

Voor Sy kruisiging, was Jesus deur Pontius Pilatus veroordeel in die Jerusalem Paleis van Herodus (die koning wie Jesus as baba wou doodmaak). Alhoewel die paleis nie vandag meer bestaan nie (daar is net 'n muurtjie en klein toring daarvan oor) kan argeoloë 'n goeie voorstelling van die paleis skets a.g.v. die geskrifte wat antieke Joodse Geskiedkundige Josephus vir ons agtergelaat het.

**Wil jy graag deur een van die predikante besoek word?**

Kliek hier!

**Vir die huisbesoek-versoekvorm**

## Ander Nuus



**KOFFIE EN TEE SKINKERS**

Wil julle dalk betrokke raak by die tee skink diensbeurte voor en na die Sondagoggend erediens?

BAIE DANKIE aan elke getroue, vriendelike persoon wat gedurende 2025 gehelp het en betrokke was. Sondagoggende is so lekker om by die kerk te kom met die reuk van heerlike koffie en die gesellige kuier van mense. Kontak my indien jy graag deel wil word van hierdie bediening.

Laetitia Marais by 083 606 4280




**Is jy deel van 'n Omgeegroep?**

Sluit aan!

**en word vandag nog deel!**

# Terugvoer en "dankie sê" vanaf die Overcomers

## 2025 Terugvoer vanaf Overcomers

**Skenking aan Lions Haven** Inbox

**Thilda Lizelle Geyser** <thildalizelleg@gmail.com> — Wed, 19 Nov 2025, 14:47
to me, Gift, KIEP, Thilda

Liewe Dottie en die hele Overcomers span,

'n Groot dankie aan die Overcomersfund vir julle skenking aan ons. Groente, Vleis, Hoenders, Maal- en kookvleis. Dit verby ons harte en bevestig weereens dat ons Hemelse Vader vir ons sorg.

Maar ons weet vóór die Here elke paar hande kon gebruik, was daar 'n mens wat gesê het: "Here, gebruik mý". Dankie aan elke bereidwillige. Vir jou tyd, jou moeite en jou finansiële bydra om hierdie skenking moontlik te maak.

Dankie vir jul omgee harte. Ons waardeer jul gebede vir al 14 inwoners hier by Lions Haven. By ons Here is niks onmoontlik nie!

In die begin van hierdie Feesseisoen bid ons julle 'n Geseënde tyd toe saam met jul geliefdes en families. Vrede, Vreugde en alles wat lieflik en Loflik is.

Groete van almal by
Lions Haven







*Dankie!*

Vir al die kosbokse, onderklere en maandelikse bydraes. Dit maak 'n groot verskil!

**Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons** *Dankie!*

**Hiér maak JY saak!**

## "Save the date"

| 1 Maart | 22 Maart | 19 April |
|---|---|---|
| Diens@6 "How2Faith" | Diens@6 "Quiz Night" | Diens@6 Gasspreker: Jaco Kriel |
|  |   |   |

| 17 Mei<br>Belydenisaflegging | 29-31 Oktober | 4-6 Desember<br>Belydeniskamp |
|---|---|---|
|  | MIERNESMARK<br> |  |

## Lewensverryking Seminare 2026

**JANUARIE**
8 Jan — Kantoor Open

**MAART**
13-16 Mrt — Enkel & Enkel Opvolg, Conclave Country Lodge

**APRIL**
10-12 Apr — Huweliksvoorbereiding, Leribisi Lodge
24-27 Apr — Egpaar & Egpaar Opvolg, Conclave Country Lodge

**MEI**
29-31 Mei — Hersaamgestelde Gesinne, Conclave Country Lodge

**JUNIE**
12-15 Jun — Egpaar & Egpaar Opvolg, Conclave Country Lodge

**JULIE**
24-26 Jul — Huweliksvoorbereiding, Leribisi Lodge

**SEPTEMBER**
4-7 Sept — Egpaar & Egpaar Opvolg, Conclave Country Lodge

**OKTOBER**
1-4 Okt — Tiener- & Tiener Opvolg Kamp, Thaba Morula
23-25 Okt — Huweliksvoorbereiding, Leribisi Lodge

**NOVEMBER**
13-16 Nov — Enkel & Enkel Opvolg, Conclave Country Lodge

**DESEMBER**
11 Des — Kantoor Sluit

**BLY OP HOOGTE**
Ons webwerf het al die inligting oor seminare, inskrywings en ons sprekers.
www.lewensverryking.co.za

Lewensverryking Seminare

PLEK VAN VRYMAKING, VERNUWING EN VERRYKING!



## Prisma

### OVERCOMERS

**Ons ondersteun die Overcomers, wat deur Dottie Kotze, een van ons gemeentelede bestuur word. Sy organiseer kospakkies, klere en skryfbehoeftes wat aan minder-bevoorregtes in ons gemeenskap uitgedeel word. Sy het tans 'n groot behoefte aan kinderklere (veral seuns). Kontak haar by 084 840 2372 indien jy hier kan help of betrokke wil raak.**

Overcomers

### OVERCOMERS

**Ons benodig die volgende Kruideniersware:**

- Langlewe melk
- 2,5kg suiker
- 2,5kg mieliemeel
- Oats
- Tee
- Enige pasta
- Afvalpapier (waarvan die agterkant gebruik kan word)
- Kontant bydraes

# Verjaarsdae vir die week

**Baie geluk:**

**Ons sisteem het 'n sagteware probleem. As jou verjaarsdag of datum dus nie korrek is nie, skakel asseblief die kantoor by bedien@eldofam.co.za en ons stel dit dadelik reg.**

Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!



# Lief & Leed

Indien jy weet van enige lief of leed in die gemeente, kontak asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844

**Het jy enige nood?** *Laat weet ons* **vir 'n gebedsversoek!**



# Nuwe Intrekkers

*Welkom!*

**Weet jy van iemand wat nuut is? Verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.**

Wil jy meer inskakel?

# Raak Betrokke!

by ons Familie!

## Nuus van die Gemeenteraad (GR)

### Ontmoet die GR




**Naam: Benita Jordaan**

**Ek doen die bemarking en kommunikasie vir die GR en gemeente.**

**Ek is gebore en gaan skool in Bloemfontein. Studeer in Potchefstroom en werk as Apteker vir 'n klompie jare. Verhuis na Pretoria en spandeer res van my 20 jaar werkende tyd in bemarking. Min het ek geweet dat daardie tyd bloot was om my voor te berei vir my "eintlike" werk. Ek glo vas dat my kennismaking met Christiaan tydens 'n Lewensverryking seminaar 'n besturing was sodat ek hier in dié Gemeente my "eintlike werk" kon kom doen.**
**Ek is 'n ouma van 5 en geniet elke oomblik van die wonderlike genadegawe. Kranige voëlkyker, bak en versier koekies en speel graag 'n handjie brug. Ek sien my rol as deel van die Gemeenteraad as 'n eer, voorreg en groot verantwoordelikheid. Hoe dan anders as 'n mens in diens is van ons Liewe Vader**

**My droom vir ons kerk: Ons is eintlik maar net op die aarde met een doel: om God se Koninkryk uit te bou. Ek sien my bemarking rol as uitvoering van Jesus se opdrag in**
**Matt 18:19**
**Gaan maak dan dissipels van al die nasies**
**En**
**Lukas 5: 10**
**Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang So: Vissers van Mense: Hoe doen ons dit? Deur die Koninkryk van God 'n werklikheid vir ander mense te kan maak. Ek glo, dat ons die spesiale IETS wat ons hier in ons Gemeente het, met ander moet deel sodat hulle ook iets van ons Kerk wees kan ervaar.**




www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

# Kontak ons

**Eldoraigne Familiekerk Bankbesonderhede**

**Bank**: ABSA
**Tak**: Mall@Reds
**Tjekrek**: 3260140042
**Takkode**: 632005
**Verwysing**: Jou van en bv. “Dankoffer” of “Kollekte”

SnapScan

STB1CDD9

Is jy bewus van ons WhatsApp Broadcast groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Broadcast groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

**Gaan “Like” ons op Facebook!**

**Gemeentekantoor ure:**
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30

**NOMMERS**
Tel: 068 031 8844

**AANLYN**
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za

**ADRES**
Henriweg 1045,
Eldoraigne, 0157

**Of stuur ons ‘n epos na:**
bedien@eldofam.co.za

## Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



**Christiaan Ackermann**
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650



**Fanie Fourie**
Epos: fanie@eldofam.co.za
Sel: 074 933 2000

*Kontak ons*

**vir huisbesoek, ‘n telefoon oproep of net gesprek!**

# Ondersteun asseblief ons adverteerders

**Ondersteun asb vir Heavenly Coffees Centurion - ons Gemeente se KOFFIEBORG deur die jaar. Baie dankie!!**

**Hoek van Hendrik Verwoerd &, Jakaranda St, Hennopspark, Centurion**









## Hayley's Ballet Academy

**Run by Hayley Littleford (ARAD) Registered teacher of the Royal Academy of Dance**
**Hayley has 34 years teaching experience and has been tutoring & assessing student teachers for the RAD for 20 years.**
**Pupils will be trained in the Royal Academy of Dance method and are entered for examinations and Eisteddfod every year.**
**Classes are held for all age groups and levels at the NG Kerk Eldoraigne, 1045 Henri Road, Eldoraigne, Centurion, 0157**
**Interested pupils are invited to attend a free introductory lesson.**
**Contact me today for a caring and nurturing dancing environment**
**Cell -083 450 4752**
**Email - hayleypienaar@outlook.com**
**https://sites.google.com/view/hayleysballetacademy/home?authuser=0**

